# PATIENT INFORMATION LEAFLET

**SCHEDULING STATUS**
To be assigned

## VIRAVANCE™ Vegetarian film-coated tablet
## Sucrose, Lactose, Gluten and Tartrazine Free

Complementary Medicine – Health Supplement

**Read this leaflet carefully because it contains important information for you.**

VIRAVANCE™ is available without a doctor's prescription, for you to maintain your health. Nevertheless, you still need to use VIRAVANCE™ carefully to get the best results from it.

- Keep this leaflet. You may need to read it again.
- Do not share VIRAVANCE™ with any other person.
- Ask your healthcare professional or pharmacist if you need more information or advice.

**What is in this leaflet**


1. What VIRAVANCE™ is and what it is used for
2. What you need to know before you take VIRAVANCE™
3. How to take VIRAVANCE™
4. Possible side effects
5. How to store VIRAVANCE™
6. Contents of the pack and other information


**1. What VIRAVANCE™ is and what it is used for**

VIRAVANCE™ is a health supplement which is used in adults to support the immune system and may also be of benefit in conditions such as:

- Recurrent cold sores
- Canker sores
- Genital herpes
- Angular stomatitis/cheilitis.

VIRAVANCE™ can be used by adults to supplement antiviral treatments as well as be used by immunosuppressed patients.

**2. What you need to know before you take VIRAVANCE™**

**Do not take VIRAVANCE™ if you have:**
Hypersensitivity (allergic reaction) to any of the ingredients of VIRAVANCE™ (listed in section 6).

**Other medicines and VIRAVANCE™**
Always tell your healthcare professional if you are taking any other medicines. This includes complementary or traditional medicines.

Take 2 hours before or after taking other medications or natural health products.

**Pregnancy, breastfeeding and fertility**
If you are pregnant or breastfeeding, think you may be pregnant or planning to have a baby, please consult your doctor, pharmacist, or other healthcare professional for advice before taking this medicine.

The safety of L-Lysine during fertility, pregnancy and breastfeeding has not been established.

**Driving and using machines**
VIRAVANCE™ does not have any effect on the ability to drive or use machines.

**3. How to take VIRAVANCE™**

Do not share medicines with any other person.
Always take VIRAVANCE™ exactly as described in this leaflet or as your doctor, pharmacist or healthcare professional has told you. Check with your doctor or pharmacist if you are not sure.

The usual dose is one tablet daily. VIRAVANCE™ should be taken with food.

Do not take more than the daily dose specified.

Take 2 hours before or after taking other medications including other natural health products.

VIRAVANCE™ should be taken daily for as long as your healthcare professional indicates you to use it.

Not to be given to children below the age of 18 years unless under the direct supervision of a relevant healthcare professional.

**If you take more VIRAVANCE™ than you should**
In the event of an overdosage, consult your doctor or pharmacist. If neither is available, contact your nearest hospital or poison centre.
If an overdose is suspected, the medicine should be stopped immediately.

**If you forget to take VIRAVANCE™**
Do not take a double dose to make up for a forgotten individual dose.

**4. Possible side effects**

VIRAVANCE™ can have side effects.

Not all side effects reported for VIRAVANCE™ are included in this leaflet. Should your general health worsen or if you experience any untoward effects while taking VIRAVANCE™, please consult your healthcare professional for advice.

<u>Less Frequent side effects:</u>

- nausea (feeling sick)
- diarrhoea
- constipation
- indigestion
- bloating
- flatulence

<u>Reporting of adverse reactions:</u>
Should you notice any side effects not mentioned in this leaflet, report it to AnaStellar Brands (Pty) Ltd via pharmacist@anastellar.co.za, (011) 792 4601 or https://anastellar.co.za.

By reporting side effects, you can help provide more information on the safety of VIRAVANCE™.

**5. How to store VIRAVANCE™**

Store all medicines out of reach of children.
Store at or below 25 °C.
Protect from moisture.
Store in the original container.
Do not dispose of unused medicine in drains or sewerage systems (e.g. toilets).

**6. Contents of the pack and other information**

**What VIRAVANCE™ contains**
Each tablet contains:

| | | |
|---|---|---|
| **L-Lysine Hydrochloride**<br>providing Lysine 500 mg | 625 | mg |
| **Ascorbic Acid (Vitamin C)** | 500 | mg |
| **Pyridoxine Hydrochloride (Vitamin B6)**<br>providing Pyridoxine 50 mg | 61 | mg |
| **Zinc Oxide**<br>providing Zinc 25 mg | 31 | mg |
| **Nicotinamide (Vitamin B3)** | 25 | mg |
| **Cholecalciferol**<br>providing Vitamin D3 1 000 IU | 10 | mg |
| **Selenium Amino Acid Chelate**<br>providing Selenium 60 µg | 3 | mg |
| **(6S)-5-Methyltetrahydrofolate**<br>providing Folate 400 µg | 452 | µg |
| **Methylcobalamin (Vitamin B12)** | 50 | µg |

All minerals are expressed in their elemental and non-elemental forms.

The other ingredients are:
**Tablet Core –** Magnesium Stearate, Maize Starch, Povidone K, Silicon Dioxide, Sodium Starch Glycolate.
**Tablet Coating –** Castor oil, Flexicoat bright red V3 PHA5013, Shellac.

**What VIRAVANCE™ looks like and contents of the pack**

Red oblong film-coated tablet.
10 tablets contained in each of 3 x PVC/PVDC/Aluminium blister strips.
3 x Blister strips enclosed within a cardboard carton.

**Holder of Certificate of Registration**

AnaStellar Brands (Pty) Ltd
Boskruin Business Park, Unit 15, North Wing, Ground Floor
Bosbok Road, Randpark Ridge, 2169, Gauteng
Republic of South Africa
+27 (0)11 792 4601

**Registration Number**

To be assigned

**This leaflet was last revised in April 2021**

The Professional Information leaflet is available on https://anastellar.co.za

This unregistered medicine has not been evaluated by the SAHPRA for its quality, safety, or intended use.

# PASIËNT-INLIGTINGSPAMFLET

**SKEDULERINGSTATUS**
Moet toegeken word

**VIRAVANCE™ Vegetariese filmbedekte tablet**
**Sukrose-, Laktose-, Gluten- en Tartrasienvry**

Aanvullende Middels – Gesondheidsaanvulling

**Lees hierdie pamflet sorgvuldig want dit bevat belangrike inligting vir jou.**

VIRAVANCE™ is sonder 'n doktersvoorskrif aan jou beskikbaar om jou gesondheid in stand te hou. Nogtans moet jy bedagsaam wees wanneer jy VIRAVANCE™ gebruik om die beste resultate daaruit te kry.

- Hou hierdie pamflet. Dit mag nodig wees om hom weer te lees.
- Moenie VIRAVANCE™ met iemand anders deel nie.
- Vra jou gesondheidspraktisyn of apteker as jy meer inligting of advies nodig het.

**Wat is in hierdie pamflet**


1. Wat VIRAVANCE™ is en waarvoor dit gebruik word
2. Wat jy moet weet voordat jy VIRAVANCE™ neem
3. Hoe om VIRAVANCE™ te neem
4. Moontlike newe-effekte
5. Hoe om VIRAVANCE™ te bewaar
6. Die inhoud van die kartondosie en ander inligting


## 1. Wat VIRAVANCE™ is en waarvoor dit gebruik word

VIRAVANCE™ is 'n gesondheidsaanvulling wat deur volwassenes gebruik word om die immuunstelsel te ondersteun en ook te help met toestande soos:

- Terugkerende koorsblare
- Mondswere
- Herpes van die geslagsdele
- Mondontsteking (stomatitis)/lipontsteking (cheilitis).

VIRAVANCE™ kan deur volwassenes gebruik word om antivirusbehandelings aan te vul en kan ook deur immuunonderdrukte pasiënte geneem word.

## 2. Wat jy moet weet voordat jy VIRAVANCE™ neem

**Moenie VIRAVANCE™ neem indien:**
Jy hipersensitiwiteit (allergiese reaksie) vir enige van die bestanddele van VIRAVANCE™ toon nie (word in gedeelte 6 aangegee).

**Ander middels en VIRAVANCE™**
Sê altyd vir jou gesondheidsdeskundige as jy enige ander middels neem.
Dit sluit aanvullende of tradisionele medisyne in.

Neem 2 uur voor of na jy ander medikasies of natuurlike gesondheidsprodukte geneem het.

**Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid**
As jy swanger is of borsvoed, dink dat jy swanger mag wees of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief jou dokter, apteker of ander gesondheidsdeskundige voordat jy hierdie medisyne neem.

Die veiligheid van L-Lysine tydens vrugbaarheid, swangerskap en borsvoeding is nog nie vasgestel nie.

**Bestuur en die gebruik van masjinerie**
VIRAVANCE™ het nie 'n effek op die vermoë om te bestuur of wanneer 'n persoon masjinerie hanteer nie.

## 3. Hoe om VIRAVANCE™ te neem

Moenie medisyne met iemand anders deel nie.
Neem VIRAVANCE™ altyd presies soos in hierdie pamflet beskryf of soos jou dokter, apteker of gesondheidsdeskundige jou aanbeveel het. Vra jou dokter of apteker as jy nie seker is nie.

Die gewone dosis is een tablet daagliks. VIRAVANCE™ moet saam met voedsel geneem word.

Moenie meer as die aangeduide dosis neem nie.

Neem 2 uur voor of na ander medikasies en ander natuurlike gesondheidsprodukte.

VIRAVANCE™ moet daagliks geneem word vir so lank as wat jou gesondheidsdeskundige dit aanbeveel.

Moet nie deur kinders jonger as 18 jaar gebruik word sonder die direkte toesig van 'n geskikte gesondheidsdeskundige nie.

**As jy meer VIRAVANCE™ neem as wat jy moes**
In die geval van 'n oordosering, raadpleeg jou dokter of apteker. As nie een van die twee beskikbaar is nie, kontak jou naaste hospitaal of gifbeheersentrum.
As 'n oordosis vermoed word, moet die medisyne dadelik gestaak word.

**As jy vergeet om VIRAVANCE™ te neem**
Moenie 'n dubbele dosis neem om te vergoed vir 'n individuele dosis wat jy vergeet het nie.

## 4. Moontlike newe-effekte

VIRAVANCE™ kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir VIRAVANCE™ vermeld is, is in hierdie pamflet ingesluit nie. As jou algemene gesondheid versleg of as jy enige ongewenste uitwerkings ondervind terwyl jy VIRAVANCE™ neem, vra asseblief jou gesondheidsdeskundige vir advies.

<u>Minder dikwelse newe effekte:</u>

- naarheid (voel mislik)
- diarree
- hardlywigheid
- slegte spysvertering
- voel opgeblaas
- winderigheid

<u>Aanmelding van newe-effekte</u>
As jy enige newe-effekte bemerk wat nie in hierdie pamflet genoem word nie, meld dit asseblief by AnaStellar Brands (Edms) Bpk aan by pharmacist@anastellar.co.za, (011) 792 4601 of https://anastellar.co.za

Deur newe-effekte aan te meld, kan jy help om meer inligting oor die veiligheid van VIRAVANCE™ te verskaf.

## 5. Hoe om VIRAVANCE™ te bewaar

Hou alle medisyne buite kinders se bereik.
Bewaar teen 25 °C of benede.
Beskerm teen vogtigheid.
Bewaar in die oorspronklike houer.
Moenie ongebruikte medisyne in dreine of rioolstelsels (bv. toilette) weggooi nie.

## 6. Die inhoud van die kartondosie en ander inligting

**Wat VIRAVANCE™ bevat**
Elke tablet bevat:

| | | |
|---|---|---|
| **L-Lisienhidrochloried**<br>verskaf Lisien 500 mg | 625 | mg |
| **Askorbiensuur (Vitamien C)** | 500 | mg |
| **Piridoksienhidrochloried (Vitamien B6)**<br>verskaf Piridoksien 50 mg | 61 | mg |
| **Sinkoksied**<br>verskaf Sink 25 mg | 31 | mg |
| **Nikotienamied (Vitamien B3)** | 25 | mg |
| **Cholekalsiferol**<br>verskaf Vitamien D3 1 000 IE | 10 | mg |
| **Seleenaminosuurchelaat**<br>verskaf Seleen 60 µg | 3 | mg |
| **(6S)-5-Metieltetrahidrofolaat**<br>verskaf Folaat 400 µg | 452 | µg |
| **Metielkobalamien (Vitamien B12)** | 50 | µg |

Alle minerale word in hul elementele en nie-elementele vorms aangegee.

Die ander bestanddele is:
**Tabletkern –** Magnesiumstearaat, Mieliestysel, Natriumstyselglikolaat, Povidoon K, Silikondioksied.
**Tabletbedekking –** Kasterolie, Flexicoat Helder Rooi V3 PHA5013, Skellak.

**Hoe VIRAVANCE™ lyk en die inhoud van die kartondosie**

Rooi langwerpige filmbedekte tablet.
3 x PVC/PVDC/Aluminium stulpstroke wat elk 10 tablette bevat binne-in 'n kartondosie.

**Houer van die Registrasiesertifikaat**


AnaStellar Brands (Edms) Bpk
Boskruin Besigheidspark, Eenheid 15, Noordelike vleuel, Grondverdieping
Bosbokweg, Randparkrif, 2169, Gauteng
Republiek van Suid-Afrika
+27 (0)11 792 4601


**Registrasienommer**

Moet nog toegeken word

**Hierdie pamflet is laas in April 2021 hersien**

Die Professionele Inligtingspamflet is beskikbaar by die webtuiste https://anastellar.co.za

Hierdie ongeregistreerde middel is nie deur die SAHPRA vir sy gehalte, veiligheid of beoogde gebruik geëvalueer nie.